

Posbus 7113, Newtonpark, 6055
Telefoon (041) 3651233
Faks (041) 3652586
h/v Willetstraat en 4de Laan, Newtonpark, 6045

Uitnemendheid begin by omgee

NUUSBRIEF 7

28 Februarie 2020

UIT DIE KANTOOR

Geagte Ouers

TOELATING 2021: GRADE R – 7 (BESTAANDE OUERS)
Die personeelvoorsiening van die Laerskool Newtonpark is afhanklik van ons jaarlikse inskrywings. Die skool moet ook jaarliks hierdie statistiek aan die departement van onderwys bekend maak.

Ons versoek ons bestaande ouers om ons so spoedig moontlik in kennis te stel indien u ‘n kind vir graad R of graad 1 in 2021 wil inskryf. Ons wil graag ons huidige ouers voorkeur gee om u ander kind ook by ons in te skryf.

Ons sal dit waardeer indien u ons skool by u familie, vriende en ander bekendes aanbeveel.

BLOEDSKENK-UITDAGING
Baie dankie aan almal wat verlede Vrydag tydens die Tjokkerkaperjolle bloed geskenk het. Alle bloedskenkings tydens 2020 sal tel vir die jaarlikse Laerskool-bloedskenkuitdaging.

AFLAAI VAN LEERLINGE SOGGENS
Ons ontvang gereeld klagtes oor die aflaai van leerlinge soggens. Ons wil graag twee voorstelle maak. Eerstens wil ons u aanmoedig om u kind by Hudsonstraat se hek af te laai, want die verkeer daar is baie minder as in Willetstraat waar daar ook speelskole is. Tweedens wil ons alle ouers versoek om die parkeerarea van 07:00 tot 08:00 voor die hoofingang as ‘n aflaai-en rysone in engels (drop and go) te hanteer. Indien u wil parkeer omdat u iemand van 07:00 tot 08:00 in die adminblok van die skool moet sien, versoek ons u om in Vierdelaan langs die skool vir die tydperk te parkeer. As ons almal saamwerk sal die aflaai van leerlinge soggens gladder verloop. Baie dankie vir u samewerking.

SNOEPIE-HULP
Die snoepie maak staat op ouerhulp wat dringend veral op ‘n **Maandag** benodig word. Persone beskikbaar kan Christa Slabbert by 076 6873 699 skakel.

LAATKOM VAN KINDERS
Ons doen ’n beroep op u as ouers om te sorg dat u kind(ers) betyds by die skool is. Die afgelope week was daar geweldig baie kinders laat vir skool. Die skool begin stiptelik om 07:45. Indien u kind van volgende week af laat is, sal ons ongelukkig vir hulle inskrywings op hul kommunikasiekaarte gee.

ADVERTENSIES WAT UITGEDEEL WORD
U ontvang van tyd tot tyd advertensiemateriaal. Neem asseblief van die volgende kennis:
· die adverteerders betaal om te mag adverteer;
· die skool beveel nie noodwendig die produk/diens aan nie;
· die skool het nie die produk/diens se kwaliteit ondersoek nie.

Evalueer asseblief alle materiaal versigtig en moet nooit oorhaastig u tot enige diens verbind /vasteken nie. Ek is egter bereid om die ouergemeenskap dienooreenkomstig te waarsku indien ’n adverteerder nie sy beloftes nakom nie. Sulke klagtes moet asseblief skriftelik wees. Gebruik sommer my e-posadres.

VAKANSIENASORG: MAART 2020
Die beheerliggaam het daartoe ingestem dat ons ‘n opname maak om vas te stel hoeveel ouers ‘n daadwerklike behoefte het om tydens die Maartvakansie van ons nasorgdiens gebruik te maak. Dit kan slegs aangebied word indien daar ten minste 10 kinders is wat daarvan gebruik wil maak. Aansoek om vakansienasorg is by nasorg beskikbaar.

Die voorgestelde tydperk is:

1. **23 Maart tot 27 Maart (5 dae). (Skole sluit Vrydag, 20 Maart en heropen Dinsdag 31 Maart)**
2. U moet asseblief ook onderneem om die nasorgtye nl. 07:30-17:30, stiptelik te eerbiedig.

Die tarief beloop R 250 per kind en R 450 vir 2 kinders en is vir die volle tydperk, vooruitbetaalbaar.

LAERSKOOL NEWTONPARK FACEBOOKBLAD
Besoek gerus ons skool se amptelike facebookblad, @LaerskoolNewtonpark.co.za, die blad se profielfoto is die skoolwapen. Dis lekker om na foto’s te kyk en met ons leerlinge te spog. Bly ook op hoogte met die nuutste gebeure.

SKOOLGELDE 2020
Baie dankie aan al die ouers wat so gereeld hul skoolgelde betaal. Ek wil tog ‘n vriendelike beroep doen op diegene wat agterstallig is, om die verpligting wat betref u kind se skoolgelde na te kom. Die skool is verantwoordelik vir sy eie rekeninge, want ons kry **minimale** hulp van die staat. Indien daar nie deur ouers gereageer word deur hul skoolgelde te betaal nie, sal die beheerliggaam genoodsaak wees om verdere stappe te neem. Die betaling van skoolgelde is ‘n wetlike verpligting (staatskoerant no. 29311). Indien u in gebreke bly om u skoolgelde te betaal, sal dit wetlik afgedwing word.

KRY KORTING OP SKOOLGELDE
Indien skoolgelde (graad R – 7) ten volle voor/op 29 Februarie 2020 betaal word sal ‘n 10% korting toegestaan word, en indien ten volle voor/op 31 Mei 2020 betaal word ‘n 5% korting.

AANSOEK OM VERLIGTING VAN SKOOLGELDE
Indien u om verligting van skoolgelde wil aansoek doen, moet u die nodige vorms by Mev. Laas afhaal en **voor of op 29 Februarie 2020**, vir oorweging deur die beheerliggaam, by haar inhandig. Die vorms móét van die nodige dokumentasie (o.a. bewys van inkomste) vergesel wees.

Geen vrystellings wat in 2019 toegestaan is, word na 2020 oorgedra nie.

ELEKTRONIESE BETALINGS

REKENINGNAAM	**LAERSKOOL NEWTONPARK**
BANK	**ABSA**
REKENINGNOMMER	**1400490089**
TAKKODE	**632005**

Op die verwysing van die inbetaling moet u asseblief die rekeningnommer en/of u kind se van en naam en verskaf. 'n Bewys van betaling moet per e-pos na fin@lnpark.co.za gestuur word.

JJ. Pienaar
SKOOLHOOF
E-pos: skoolhoof@lnpark.co.za
Tel : 0846935318

ALGEMEEN

BELANGRIKE DATUMS VIR VOLGENDE WEEK:
Die volgende **datums moet u asseblief op u kalender aanteken:**

Ma – 2 Maart	:	Klerewinkel: **07:30 – 12:00**
		TOETS – NW + TEG Graad 4 – 7
		NETHEIDSINSPEKSIE
		Kuns graad 1 – 2: **13:30-14:30**
		Kuns graad 3: **14:00-15:00**
		Kuns graad 4 – 7: **14:15-15:00**
Di – 3 Maart	:	Kindermusiek graad R: **13:00 – 13:30**
		TOETS – AFR. Graad 4 + 6
		TOETS – ENG. Graad 5 + 7

Krieket: 0/9 LNP teen St. Georges **(t)**
Kuns graad 1 – 2: **13:30-14:30**
Kuns graad 3: **14:00-15:00**
Kuns graad 4 – 7: **14:15-15:00**
Skaak: graad 1 – 2: **13:30 – 14:15**
Skaak: graad 3 – 7: **14:20 – 15:15**
Beheerliggaamvergadering **16:30**

Wo – 4 Maart : Klerewinkel: **12:00 – 14:30**
TOETS – SW GESK. Graad 4 – 7
Graad R Sigsiftingstoetse

Do – 5 Maart : **TOETS – WISK. Graad 4 – 7**
Media boeke inhandig

Vr – 6 Maart : **TOETS – AFR. Graad 5 + 7**
TOETS – ENG. Gr. 4 + 6
Klerewinkel: **07:30 – 12:00**
Dance Kids ballet graad R: **09:45**
Drama graad R – 2: **12:45 – 13:30**
Drama graad 3 – 7: **12:45 – 13:45**

Sa – 7 Maart : Mount Pleasant mini-krieket dag by Mount Pleasant : 0/9A

SPORT & KULTUUR

KRIEKET

DATUM	SPAN	TEEN	UITSLAE
24 Februarie	0/13B	Priory	LNP teken 70 lopies vir 6 paaltjies aan. Priory teken 61 lopies vir 6 paaltjies aan. LNP wen met 9 lopies. Speler van die wedstryd: Dain Strydom – hy neem 4 paaltjies in 4 boulbeurte.
25 Februarie	0/9	Dr. Viljoen	A-span: LNP verloor met 23 lopies B-span: LNP wen met 23 lopies
25 Februarie	0/11B	Priory	Priory kolf eerste en teken 113 lopies vir een paaltjie aan. LNP teken 70 lopies vir 3 paaltjies aan. Priory wen met 43 lopies.
26 Februarie	0/13A	Charlo	Charlo wen met 6 paaltjies. Tiaan Riekert neem 3 paaltjies.
27 Februarie	0/11A	Charlo	Wedstryd het gelykop geeïndig.

TENNIS

DATUM	SPAN	TEEN	UITSLAE
25 Februarie	Junior Seuns A	Sunridge A	LNP wen met 6 potte
25 Februarie	Senior A	Clarendon	LNP verloor met 16 potte
25 Februarie	Senior B	Herbert Hurd	LNP wen met 10 potte

KIDS CROSS THE RIVER

Isabel Kühn in graad 4D het Sondag, 23 Februarie aan die Kids Cross the River met die River Mile deelgeneem. Sy het 3de in die ouderdomsgroep 9 tot 10 gekom en het ook ‘n algehele 3de plek vir dogters 12 jaar en onder behaal. Baie geluk!